**NOTULE VAN VERGADERING VAN MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA**

**GEHOU OP 5 APRIL 2017 TE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**1. OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter heet almal welkom. In besonder Charles Geldenhuis, Bertie Supra, raadslede Anton Dellemijn en Annatjie J van Rensburg , Bridgitt Maritz en Buks Pieterse.

Johan Muller open met gebed.

**2. PRESENSIE/VERSKONINGS**

Die presensielys word gesirkuleer. Verskonings is ontvang van Frik Nel, Johan Lotter, Flippie Bezuidenhout en Rozain Hansen

**3. LIEF EN LEED**

Pieter le Roux word geluk gewens met sy 70ste verjaarsdag.

Ons dink ook aan Jacques se vrou wat ongesteld is.

**4. GOEDKEURING VAN NOTULE**

Die notule van vergadering gehou op 1 Maart 2017 word goedgekeur.

**5. SPESIALE SPREEKBEURT AAN BERTIE SUPRA - BOUINSPEKTEUR**

Hy deel vergadering mee dat daar geen munisipale wetgewing is dat skadunet om boupersele gespan hoef te word nie. Versoek word deurgegee aan ons raadslede om op te volg vir moontlike wysiging.

Hy deel ons ook mee dat indien okkupasie geneem word sonder okkupasiesertifikaat by nuut geboude wonings, boetes opgele kan word.

Hy sal ook aandag skenk aan huis in Langenhovenstraat 23 waar Rommel aan Impalakant onooglik is.

Verder sal hy ook aandag gee aan onwettige ingang na Impalalaan uit erf in Albertiniastraat 48.

**6. SPESIALE SPREEKBEURT AAN CHARLES GELDENHUIS – Hoofbestuurder - ELEKTRISITEIT DEPT.**

H y verduidelik hoe ons Midbrak se kragtoevoer werk en dat kragverbruik Desember 2016 met 50% toegeneem het. Hy deel ook die vergadering mee dat die munisipaliteit begroot het vir 'n addisionele lyn en verseker die vergadering dat Midbrak beslis nie geteiken word vir kragonderbrekings nie. (Buurtwag sal straatligte wat nie werk rapporteer soos wat hulle patrollie ry. Hoe beter die beligtiging hoe veiliger is ons area.) Johan gee munisipaliteit se elektriese afdeling 10 uit 10 vir goeie diens. Raadslid Anton noem dat nasionaal en Eskom besig is om gloeilampe te vervang met energie besparende gloeilampe en waar nodig word dit egter weer terug vervang waar lig te swak is.

**7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

7.1 Langenhovenstraat 23 - Bertie sal aandag skenk aan Impala kant

7.2 Reebokrif HEV - George en Flippie en Buks gee aandag.

7.3 Parkering voor besigheide - Charl

7.4 Onveilige toegang tot Impalalaan uit Seesterlaan en Blesbok - Jacques

7.5 Onkruid groei in en tussen pad en sypaadjie in Impalalaan - Jacques

**8. NUWE SAKE VIR BESPREKING**

8.1 Vergadering Minister D Grant aangaande R102 op 11 Mei 2017 in Gemeenskapsaal om 11h00

8.2 Posisie van die Belastinbetalersvereeniging binne die huidige politieke samestelling -Buks Pieterse

8.3 Rol en funksie van die MBBV - Buks Pieterse

**9. POWERTOWN**

Raadslid Annatjie gee terugvoering aangaande die vordering wat gemaak word met die verskuiwing van inwoners na Sonskynvallei. 24 gesinne het al getrek en sal daar elke 2 weke soos huise voltooi word getrek word. Die proses sal voortgaan tot en met September 2017. Dit word ook genoem dat soos die inwoners trek die bestaande huise gesloop word.

**10. WEBSITE INSTANDHOUDING - CLAUS ULRICH**

Eposadres en blog – Johan – Moet nog met Anton en Annatjie konsulteer.

**11. WYKSKOMITEES TERUGVOER** – Vegader elke kwartaal

**12. GOP WYK 5 - 11 APRIL (Groot Brak) WYK 4 - 19 April(REEBOK) beide vind plaas om 19h00**

Gemeenskap moet dit asb bywoon. Lede moet dit bekendmaak in hul onderskeie areas.

**13. FINANSIES – Saldo R**

Daar word besluit dat die Voorsitter George Nezar, sekretaresse Ann Pretorius en ondervoorsitter Mike Wray tekenregte op die rekening sal he en dat twee handtekeninge benodig sal word om saam te teken.

**14. POLISIERING/BUURTWAG**

Johan deel vergadering mee dat hulle die resultate sien van 700 lede wat betrokke is. Strate is veiliger. .Op 8 Mei 2017 word selfverdedigingsklas aangebied en 2 maande later opvolg klas oor wanneer vuurwapen gebruik mag word sonder moeilikheid. Johan is ook bereid om praatjies te hou om inwoners ingelig te hou.

**15. PLAASLIKE SAKE**

**15.1 de Lange Uitb. –** Ann – Riool vragmotor onwettig – Neem op met verkeer.

**15.2 Toekoms -** Donovan - Annatjie sal sy afwesigheid met Anton opneem

**15.3 Fraaiuitsig** -Frik Nel en Charl Coetzer

**15.4 Riverside** - Jasper van Zyl Brigit Maritz – Kyk na beligting van Riverside en ook karavane wat padreserwe versper – neem op met verkeer.

**15.5 Tergniet -** Johan Muller – geen probleem

**15.6 Tergniethoogte** -Mike en George – geen probleem

**15.7 Klein Brakrivier** -Charl de Wet en Pieter le Roux

15.7.1 -Olckersweg 2 tot 39 ondergrondse kabel gele en diep gate gegrou. Pieter sal epos stuur

15.7.2 Voetgangerbordjies by Louis Fourie

15.7.3 Strepe in pad -

15.7.4 Verkeerstekens

**15.8 Reebok**

**15.8.1 Noord van Spoorlyn** -Johan Lotter – geen probleem

**15.8.2 Suid van Spoorlyn -** Robin Fick – Rioolvragmotor in Gordonialaan – Verkeer

Versoek rig vir **lig (spot light) by die "bulk refuge site" in Kusweg.**

**5.9 Reebokhoogte-** Jaques - Geen

**15.10 Reebokrif** - Buks en Flippie - Geen

**16 KORRESPONDENSIE**

1. Brief van Mnr Machaba e-pos kmachaba@mosselbay.gov.za – ongelukkigheid oor trant van skrywe wat nie oplossing bied nie.
2. Kontak van Mnr Shamley Titus – Plundering van seelewe – Tel 044 691 2939
3. Watervleuel Polisie (Onwettige bedrywighede) 044 604 6500
4. Brigit – Kleinbrak- Estuarium vergadering 16 Mei 2017 11vm in Reeboksaal

2. **17. ALGEMEEN - INDELING VAN PORTEFEULJES**

**V**erkeerstekens en spoedhobbels,ontbrekende straatname,spoedbeperkings/monitering gate in strate, herseel en teer van strate -Frik

-Skoonmaak van erwe - Charl

-Onaanvaarbare strukture- Pieter

-Rampbestuur - Buks

**18. VOLGENDE VERGADERING - Woensdag 3 Mei 2017 om 13h00 by die Reebok Gemeenskapsaal**